**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersienings Nr.: 201/2005

**DIE STAAT**

en

| | |
|---|---|
| **FLIP TSEKO HLALOHA** | Beskuldigde 1 |
| **JOHANNES KEATLISO MODIKANELO** | Beskuldigde 2 |
| **MOSES FONSO KGOSIMORE** | Beskuldigde 3 |

---

**CORAM:** VAN COPPENHAGEN R *et* WRIGHT R

---

**UITSPRAAK:** VAN COPPENHAGEN R

---

**GELEWER OP:** 2 JUNIE 2005

---

[1] Die beskuldigde het as beskuldigde nommer 2 (na wie ek voortaan as sulks sal verwys) in die Landdroshof Wesselsbron saam met 2 ander tereggestaan op 'n klagte van veediefstal. In die klagstaat word dit beweer dat hy en sy mede-beskuldigdes tussen 15 en 16 Junie 2004 vier skape ter waarde van R2 000,00 gesteel het.

Op die klagte het die beskuldigde ongeskuldig gepleit maar was

hy nogtans op 18 Januarie 2005 skuldigbevind en op dieselfde datum tot 2 jaar gevangenisstraf waarvan 1 jaar gevangenisstraf voorwaardelik opgeskort was, gevonnis.

Die beskuldigde se mede-beskuldigdes was ook op dieselfde datum skuldig bevind. Flip T. Hlaloha gesiteer as beskuldigde 1 was gevonnis tot 3 jaar gevangenisstraf terwyl Moses F. Kgosimore gevonnis was tot 2 jaar gevangenisstraf waarvan 1 jaar voorwaardelik opgeskort was. Hulle skuldigbevindings en die vonnisse hulle opgelê is in orde en moet bekragtig word.

[2] Beskuldigde 2 se getuienis dat hy deur beskuldigde 1 genader was om hom, dit wil sê beskuldigde nommer 1, met die slagtery van skaap by te staan is deur die Landdros as vals verwerp.

Die redes vir die verwerping van beskuldigde 2 se getuienis is in wese drieërlei, naamlik eerstens dat beskuldigde 2 nie ‘n vriend van beskuldigde 1 is nie, tweedens dat hy nie aan beskuldigde 1 gevra het wie se skape geslag moes word nie en derdens dat beskuldigde nommer 2 nie geweet het of beskuldigde 1 skape besit nie.

[3] Die getuienis van minstens een staatsgetuie, ene Motsoloane, beklemtoon die feit dat beskuldigde nommer 1 alleen vroeër die betrokke dag, dit wil sê om ongeveer 07:00 by hom aan huis was, en eers later om ongeveer 13:00 saam met beskuldigde nommer 2 teruggekeer het. Met die terugkoms om 13:00 het nog beskuldigde 1 nog beskuldigde 2 enigiets in hul besit gehad.

[4] Die onvermydelike afleiding uit voormelde getuie se getuienis moet dus wees dat beskuldigde nommer 2 op die perseel waar die gesteelde skaap geslag was, nadat die skaap alreeds aanwesig was, aangekom het. Hierdie afleiding onderskraag beskuldigde nommer 2 se getuienis dat hy deur beskuldigde 1 genooi en versoek was om hom met die slagtery te help.

[5] Beskuldigde nommer 2 se besoek aan beskuldigde nommer 1 se broer se woning op versoek van beskuldigde nommer 1 kannie aan sinistere motiewe toegeskryf word nie; hy sou immers op waarskynlikhede in die algemene rigting van beskuldigde nommer 1 se broer se woning moes stap op pad na die dorp.

[6] Indien een persoon 'n ander vra om met die slag van skaap, wat reeds op 'n perseel is, te help, is die gewone afleiding of dan 'n baie waarskynlike afleiding dat die skaap aan die eienaar of okkupeerder van die perseel behoort veral nog as laasgenoemde opdrag gegee het vir die slagtery.

Beskuldigde se versuim om navraag te doen aangaande die eiendomsreg van die skaap kan dus nie as faktor dien om sy getuienis as ongeloofwaardig aan te stip nie.

Voormelde maak ook meteen onsin van die Landdros se negatiewe geloofwaardigheidbevinding gegrond op beskuldigde nommer 2 se erkenning dat hy nie geweet het of beskuldigde nommer 1 skape besit nie.

[7] Beskuldigde 2 se getuienis kannie op die aangebode getuienis en die afleidings daaruit as vals afgekraak word nie; dit kan redelik moontlik waar wees.

[8] Die voormelde bevele moet volg:

1. Die skuldigbevinding en die vonnisse aan beskuldigde 1 en aan beskuldigde 3 opgelê, word bekragtig.
2. Die skuldigbevinding en vonnis van beskuldigde 2, Johannes Keatliso Modikanelo word tersydegestel en vervang met die volgende bevel:

   Onskuldig en ontslaan.

**G. VAN COPPENHAGEN, R**

Ek stem saam.

**G.F. WRIGHT, R**

/em